Die krag van die geloof

Teks: Galasiërs 2:15 - 21 & Sondag 28
Teksvers: Galasiërs 2: 20

1. Inleiding

Wat is die middelpunt van ons geloofslewe? Miskien is dit ’n vraag wat maklik geantwoord kan word vandag. Maar kom ons begin by wat is ’n geloofslewe? Bykans alle afgodsdiens benaderings in die wêreld is dit eens dat daar met die mens fout is. En dan staan geloofsoortuigings ook nie heeltemal alleen hierin nie. Ook in die moderne sielkundige benaderings word daar gesê dat geen mens werklik normaal is nie. In al die gevalle moet die mens beter word, hy/sy kan nie bly soos hulle is nie.

Maar kan ons dan nie perfeksie soek op ’n ander plek nie. Indien niks in hierdie wêreld perfek is nie, moet perfeksie sekerlik buite die wêreld lê. En dit is dan ook so. Die almagtige hemelse Vader is geheel en al perfek. En dit is dan juis wat belangrik word hier in ons nabetragtigingdiens. Hierdie perfekte Vader stuur sy enigebore Seun om mens te kom word in hierdie wêreld. En natuurlik is Hy dan ook perfek mens, volmaak sonder sonde.

Maar wat van die die sakrament van die Heilige Nagmaal is dit ook perfek? Dit is, want dit is tekens en seëls van Christus se perfekte liggaam wat gebreek te vergewing van al ons sondes. En natuurlik is een van kenmerke van die ware kerk, die suiwer bediening van die sakramente. Maar wat van my as gewone mens wat nou net deel gehad het aan hierdie perfekte maaltyd? Of meer belangrik waar laat dit my wanneer ek opstaan en weggaan van hierdie nagmaalstafel?

2. ’n Plan vir verlossing

Wanneer ’n mens na die media kyk, is die maklik om te sien wat fout is met die mens. Die haat van een mens teenoor ’n ander is duidelik sigbaar in die misdaad waarvan ons elke dag lees. Selfs in ons land waar bykans 90 mense per dag vermoor word. Reg van die sonde val is dit so. Die mens het geen respek vir die Here of vir Sy naaste nie. In genade gee die Here sy gebooie, sy wet aan die mens. Dit wat fout is met die mens word duidelik uitgespel in die wet. So as die mens maar net die wet kan volbring, dan is hy/sy mos perfek en sal God hulle verlos of hoe?

Maar ons weet dit is nie so eenvoudig nie. Selfs al wil ons die goeie doen, kies ons daagliks nog eerder vir die slegte. En dit is hierdie waarheid wat ook deur die werking van die Heilige Gees ’n werklikheid word vir Paulus in ons teksgedeelte. Daar is niks goed binne die mens nie, en daarom het die mens niks om by te dra tot sy/haar verlossing nie. Die plan vir verlossing lê nie by die mens self nie.

Maar as dit nie by die individu lê nie, wat van die kerk? Ons weet mos dat die suiwere bediening van die sakrament een van die merktekens van die ware kerk is. Paulus wat ons teksgedeelte op skrif gestel het, het geweet van die kerk. Hy verwys na sy opleiding en ywer in die kerk in Handelinge 22:3 “ “Ek is ’n Jood wat in Tarsus in Silisië gebore is, maar ek het hier in Jerusalem grootgeword. As leerling van Gamaliël is ek volgens die streng opvatting van die wet van die voorvaders opgevoed, en ek was net so ’n kampvegter vir God soos julle almal vandag is.

Tog lê die krag van geloof nie in die kerk nie, maar in ’n ander individu.

3. Volbring in Christus

As die ek individueel of die kerk dan nie die antwoord op perfekte wetsonderhouding is nie, wat is dan? Die antwoord is en was natuurlik nog altyd ons Here Jesus Christus. Dit is uiteindelik wat Paulus wil oordra aan sy aanhoorders. Hy weet en sê dat die wet goed, is maar daar is iets beter. Die wet is dood as gevolg van ons onvermoë om dit te onderhou. Maar Christus lewe, ja selfs al het Hy ook aan die kruis gesterf lewe Hy.

Maar dan lewe Christus nie alleen nie. Daar is iets wat vir my en jou onlosmakend aan Christus koppel. Dit is die geloof wat gewerk word deur Heilige Gees in ons. Daarom sê Paulus ook duidelik dat hy as ware saam Christus gekruisig is. Die ou mens wat maar voortdurend op eie krag die mas probeer opkom is verby. Daar is nou ’n nuwe bedeling. Iets waarvan ons die voorreg het om deel te wees. Christus volbring die wet, deur Sy perfek gehoorsame lewe te leef. Maar dan bring Hy ook die offer wat dit veroorsaak. Die

volmaakte offer van Sy liggaam aan die kruis. Ons kan vandag lewe as gevolg van hierdie offer. Trouens ons kan saam met Paulus in filippense uitroep om te lewe is vir my Christus en om te sterwe is vir my wins.

Dit is dan juis ook van hierdie onskeidbare eenheid met Christus wat die nagmaal tekens en seëls is. Soos die brood onlosmakend deel word van my liggaam wanneer ek dit inneem. So is ons ook onskeidbaar deel van Christus, en daarom kan ons ook sê: "[20]en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê." soos Paulus in ons teksvers.

4. Geen ander manier

Maar ons lewe mos vandag in 'n wêreld met 'n magdom opsies. Trouens daar is vandag so baie opsie wat uitgeoefen kan word, wat vroeër nie bestaan het nie. Maar dit is juis hierin wat Nagmaal ons weer ons herinner dat opsies ook vroeër bestaan het. Deur die geskiedenis is die sakrament van die nagmaal nog nooit afgeforseer op iemand nie. Daar is nog altyd iets van 'n vrywillige deelname.

Dieselfde gebeur natuurlik vandag nog. Mense wil maklik ander alternatiewe manier van redding hê om van te kan kies. Ons hoor vandag nog stemme dat daar tog meer as een pad na die Vader moet wees. Maar dit is juis ook hierin wat ons teksgedeelte duidelik is. Vers 21 koppel hierdie ander manier duidelik aan die verwerping van Christus. Paulus vra reguit in ons vers 21 of Christus dan tervergeefs gesterf het. En sou daar 'n ander pad van Verlossing wees, dan is dit inderdaad so.

Maar alreeds in Johannes 14:6 openbaar Christus die waarheid. Sy bekende woorde: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie" bevesting vir ons die absolute karakter van die Christelike geloof. Daar is nie 'n ander manier van verlossing nie. En juis daarom is die sakrament van die Nagmaal vandag nog so belangrik. Die terug keur na Jesus en verlossing alleen in Christus. Dit is hiervan dat die nagmaals elemente juis tekens en seëls is. Verlossing wat slegs kom deur 'n ware geloof in ons Here Jesus Christus.

5. Slot

Ons kan nabetragtigingsdiens afsluit met die volgende. Miskien klink alles wat ons gesê het na koue dogmatiek. Miskien sukkel ons om so vinnig presies te verstaan wat Paulus aan ons wil oordra. Dan is volgende belangrik. Ons kan onsself vra hoekom ons werklik hier is vanoggend? En dan is die antwoord dat om bloot gereeld die sakrament van die nagmaal te gebruik. die verkeerde antwoord.

Want die elemente van die nagmaal wat natuurlik niks anders as dooie materiële dinge is nie, het nie die mag om te verlos. Die kerk het wel die sleutels tot koninkryk, omdat sy voorreg het om haar enigste leier te verkondig en die sakramente te bedien. Maar die kerk het nog nooit, en sal nooit 'n ander leier hê as ons Here Jesus Christus nie. En dit is wat jou vanoggend hierheen getrek het. Die behoefte aan verlossing in ons Here Jesus Christus. Daardie behoefte wat die Heilige Gees in ons harte werk.

Terug na die Here Jesus Christus en verlossing wat slegs deur 'n ware geloofsverbintenis aan Hom kom. Dit is hierdie eienskap van die reformasie wat die kerk, elkeen van ons, steeds elke dag moet najaag. Beklee Christus nog Sy regmatige plek in my lewe, of het ander sake dit al verdring? Kom ons gebruik weer hierdie geleentheid van die sakrament van die Heilige Nagmaal, om versterk uit die krag van die geloof te leef.

Amen